

1149171

# In the Supreme Court of South Africa In die Hooggereghof van Suid-Afrika

APPELLATE

DIVISION).  
AFDELING).

APPEAL IN CRIMINAL CASE.  
APPÈL IN STRAFSAAK.

---

MANKENKE SIMON MNGOMEZULU

Appellant.

versus/teen

---

THE STATE

Respondent.

Appellant's Attorney Pro deo Respondent's Attorney Att.Gen.  
Prokureur van Appellant Prokureur van Respondent

Appellant's Advocate FRED P. BUCKLEY Respondent's Advocate NEC FANGSHOO  
Advokaat van Appellant Advokaat van Respondent (A.J. de Klerk)

Set down for hearing on 19 - 11 - 1971  
 Op die rol geplaas vir verhoor op 24.11.71

Rumpff, A.R., Wessels, A.R., Potgieter, A.R.

9.45a.m. - 10.25a.m.

C.A.V.

29.11.71 : Rumpff, T.A. - offisieel word naam  
 die hand fw

Mr. Samuels  
 DIRECTOR, APPEAL COURT,  
 CHIEF, APPEAL COURT  
 BLOEMFONTEIN

29 - 11 - 1971

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPELAFDELING)

In die saak tussen:

MANKENKE SIMON MNGOMEZULU

Appellant

t e e n

D I E S T A A T

Respondent

CORAM: RUMPF, WESSELS et POTGIETER, A.RR.

VERHOOR: 19.11.1971. GELEWER: 29.11.1971.

---

U I T S P R A A K

RUMPF, A.R. :

In hierdie saak is die appellant deur 'n Verhoorregter en twee assessore op 'n aanklag van moord skuldig bevind. Die twee assessore het bevind dat daar geen versagtende omstandighede was nie, terwyl die Verhoorregter van mening was sodanige omstandighede wel bestaan het. Die appellant is ter dood veroordeel maar verlof om teen die vonnis te appelleer is toegestaan. Uit die getuienis wat in die saak afgelê is, blyk dit dat op 'n Saterdag in September, 1970, die getuie Jimson Nyawo

deur/....

deur n sekere Myeni gevra is om na laasgenoemde se stat te kom.

Hy het soontoe gegaan en Myeni en die appellant daar gevind.

n Gesprek het plaasgevind oor hoe daar geld in die hande gekry

kon word. Die appellant het verklaar dat hy weet van n sekere

persoon wat geld het en dat hy n pistool aan Jimson sou gee

sodat hulle die man kon beroof. Myeni het aan Jimson gevra of

hy weet of die oorledene geld het waarop Jimson geantwoord het

dat hy nie weet nie. Myeni het verklaar dat hy weet dat oorle-

dene geld besit omdat hy beeste verkoop. Jimson het die Sater-

dagnag in die stat van Myeni geslaap en die volgende dag het

die appellant aan hom n fiets gegee om huistoe mee te gaan en

aan hom gesê dat hy die Maandag moes terugkom. Op Maandag,

gedurende die middel van die dag, het hy per fiets teruggegaan

na die stat van Myeni, vanwaar hy en Myeni na die stat van die

appellant gegaan het. Daar het die appellant voorgestel dat

hulle na n winkel met die naam Thembelesa gaan. Appellant het

n kierie en n pistool gehad terwyl Myeni en Jimson elk n kierie

gehad het. Op pad na die winkel het appellant aan die hand

gedoen dat hulle na die oorledene gaan om hom te beroof.

Uit die getuienis van Jimson blyk dit dat daar by die stat van die oorledene net die oorledene en n klein seuntjie was. Die oorledene het in n hut gesit en die appellant het die deur oopgedruk terwyl hy die pistool in die linkerhand en n knopkierie in die regterhand gehad het, en gesê: "Pas"! Die oorledene het opgestaan en begin stoei waarop Myeni hom met die knopkierie op die kop geslaan het. Die appellant het die oorledene uit die hut getrek en hom gevra waar die geld is. Oorledene het gesê: "moenie my doodmaak nie ek sal julle geld gee". Hy is toe losgelaat en het in die hut gegaan en daar n klein stuk yster opgetel waarmee hy die appellant wou slaan. Die appellant het hom toe met sy knopkierie n hou oor die kop gegee. Oorledene het inmekaar gesak en die appellant het hom gesleep na n boom. Myeni en Jimson het die hut binnegegaan, n trommel oopgebreek en beursies daarin gekry waarin daar geld was. Myeni het van die geld in sy sak gesteek en die appellant het gesê: "ek sien wat jy gedoen het, moenie die geld wegsteek nie". Nadat die geld geneem is, wou Jimson hê dat hulle moes weggaan maar die appellant het gesê dat hulle nog moes soek vir ander goed. Hulle het nog twee gewere gevind, n enkelloophaelgeweer/..

haelgeweer en 'n dubbelloop, en die appellant het ook 'n leer tas geneem. Hierdie tas, waar blykbaar kruiemedisyne in was, het hy naby 'n kraal weggegooi, wat nie ver van die hut is nie. Jimson het ook verklaar dat toe hulle die hut verlaat het, sy hoed afgeval het en dat die appellant, toe hulle op pad weg was, aan hom gesê het om die hoed te gaan haal omdat die getuie deur die hoed uitgeken en gevang sou kon word. Hy het sy hoed gaan haal en by sy terugkoms gevind dat die appellant en Myeni besig was om die geld te tel. 'n Bedrag is aan hom genoem en die appellant het aan hom R10 gegee. Volgens Jimson is die appellant daar weg met die enkelloop-geweer terwyl Myeni die ander geweer gevat het. 'n Sekere Mbobo Gumedé wat die appellant ken, maar wat nie 'n vriend van hom is en wat hom nie tevore besoek het nie, het getuienis afgelê en gesê dat die appellant op 'n Dinsdag by sy stat gekom het, vroeg in die oggend, en 'n enkelloop-haelgeweer daar gelaat het. Die appellant het gesê dat hy die geweer weer later sou kom haal maar hy het dit nooit kom haal nie. Gumedé het later die geweer aan die polisie oorhandig. Daar is ook getuienis <sup>af</sup> gelê waarvolgens die geweer wat aan Gumedé gegee

is, die geweer is wat oorledene in sy hut gehad het. Volgens die polisiegetuienis het die appellant toe hy gearresteer is, geweier om 'n verklaring af te lê en hy het ook nie verduidelik waar hy op die betrokke dag was nie. Die mediese getuienis het getoon dat die oorledene dood is as gevolg van breinbesering. Op sy kop was twee wonde en onder beide was 'n skedelbreuk.

Die appellant het in sy getuienis beweer dat hy nie by die oorledene se stat was nie en dat hy op die betrokke dag, 'n Maandag, nie Myeni of Jimson gesien het nie, en dat hy sy stat gedurende die dag verlaat het om elders bier te gaan drink. Hy het ook ontken dat hy 'n haelgeweer by Gumedela gelaat het. In sy hoofgetuienis het hy verklaar dat hy wel aan die Polisie verduidelik het wat hy op die betrokke dag gedoen het nl. dat hy gaan bier drink het. In kruisverhoor het hy gesê dat hy aan die Polisie vertel het dat hy op dié dag by die stat van eine Jombi Myeni was, 'n ander persoon as die Myeni wat volgens Jimson by die roof betrokke was.

Die appellant se vrou het verklaar dat op die dag waarop dit beweer is dat die oorledene gedood is, appellant sy stat verlaat het om elders te gaan bier drink en dat/.....

dat hy die aand dronk teruggekom het. Dit blyk egter uit die res van haar getuienis dat sy nie presies weet watter dag die oorledene dood is nie en dat die appellant die gewoonte gehad het om te gaan drink. Sy het ontken dat sy die getuie Jimson ken of hom gesien het. In kruisverhoor het sy erken dat sy 'n skriftelike verklaring aan die Polisie onderteken het waarin o.a. staan dat op 7 September, 1970, haar man in die geselskap van Jimson Nyawo en Mbede Myeni by hulle stat was en dat die drie die stat verlaat het en dat haar man gesê het dat hulle gaan bier drink en dat hy laat dronk teruggekom het. Sy het egter ontken dat wat in die verklaring staan dieselfde is as wat sy aan die Polisie gesê het, en sy het beweer dat sy aan die Polisie gesê het dat haar man alleen die stat verlaat het.

Wat die geskiedenis van die saak betref, behoort vermeld te word dat volgens die polisiegetuienis daar 'n voorlopige verhoor plaasgevind het waarby die appellant, Myeni en Jimson betrokke was en dat al drie ter strafsoitting verwys is. Daarna is Jimson vervolg en dit blyk uit sy eie getuienis dat hy skuldig bevind en ter dood veroordeel is.

Die/.....

Die appellant en Myeni is na die voorlopige verhoor vrygelaat.

Kort daarna is Myeni deur 'n onbekende persoon dood geskiet.

Later is die appellant weer in hegtenis geneem in verband met

die onderhawige klag.

In sy uitspraak het die Verhoorregter die feite van die saak deeglik behandel en volgens die getuienis in die saak afgelê, is die skuldigbevinding deur die Hof ten volle geregverdig. Wat daarna gebeur het, in verband met die vraag omtrent versagtende omstandighede, gee egter aanleiding tot kommentaar oor die manier waarop die psigiatriese getuienis in die Hof voorgelê is. Psigiatrie (ook psigologie) is nie 'n eksakte wetenskap nie en daarom moet, om reg te laat geskied, by die aanhoor van psigiatriese of psigologiese getuienis, 'n grondslag gelê word van feite wat deur die hof as aanvaarbaar beskou kan word waarop die psigiatriese of psigologiese opinie gebaseer kan word. By die verhoor word die mening van 'n deskundige, in hierdie geval 'n psigiater, ingeroep en sy mening omtrent die geestestoestand van die beskuldigde is vir die hof alleen van belang vir sover dit feite betref wat voor die hof gelê word en wat die hof gevra word om te aanvaar. Dit geld by/....

the following table, which gives the number of cases of each disease, and the number of deaths.

It will be observed that the number of cases of smallpox is very large, and that the number of deaths is also very large.

The following table gives the number of cases of each disease, and the number of deaths.

It will be observed that the number of cases of smallpox is very large, and that the number of deaths is also very large.

The following table gives the number of cases of each disease, and the number of deaths.

It will be observed that the number of cases of smallpox is very large, and that the number of deaths is also very large.

It will be observed that the number of cases of smallpox is very large, and that the number of deaths is also very large.

It will be observed that the number of cases of smallpox is very large, and that the number of deaths is also very large.

It will be observed that the number of cases of smallpox is very large, and that the number of deaths is also very large.

It will be observed that the number of cases of smallpox is very large, and that the number of deaths is also very large.

It will be observed that the number of cases of smallpox is very large, and that the number of deaths is also very large.

It will be observed that the number of cases of smallpox is very large, and that the number of deaths is also very large.

It will be observed that the number of cases of smallpox is very large, and that the number of deaths is also very large.

It will be observed that the number of cases of smallpox is very large, and that the number of deaths is also very large.

It will be observed that the number of cases of smallpox is very large, and that the number of deaths is also very large.

It will be observed that the number of cases of smallpox is very large, and that the number of deaths is also very large.

It will be observed that the number of cases of smallpox is very large, and that the number of deaths is also very large.

by iedere stadium van 'n verhoor waarby die geestestoestand van die beskuldigde beoordeel moet word, ditsy by sy verhoor op die aanklag teen hom, of by die ondersoek in verband met versagtende omstandighede. Wanneer die psigiatriese getuienis in verband staan met feite wat deur die hof aanvaar is, volg dit nie noodwendig dat die hof die psigiatriese opinie moet aanvaar nie.

In die lig van die getuienis as geheel is dit nog die taak van die hof om te beoordeel of die psigiatriese of psigologiese getuienis self aanvaarbaar is of nie, maar sonder skakeling met feite wat voor die hof gelê word, is psigiatriese en psigologiese opinie abstrakte teorie. Die advokaat van die beskuldigde, sowel as die aanklaer, behoort dus by die uitoefening van hulle respektiewe pligte, nooit uit die oog te verloor nie dat die hof alleen dan reg kan laat geskied wanneer daar getuienis omtrent feite aan die hof voorgelê word, wat die hof moet beoordeel, en wanneer die deskundige opinie van die psigiater aan daardie feite vasgeknoop word.

In die lig van hierdie opmerkings is dit nodig om die verrigtinge in die onderhawige saak ná die

skuldigbevinding/.....



skuldigbevinding te beoordeel.

Die advokaat van appellant het aangevra dat die Hof onder artikel 28 (2) van die Wet op Geestesbreke gelas dat die appellant vir observasie na 'n inrigting gestuur word. Volgens die latere uitspraak van die Verhoorregter is hierdie aansoek gedoen omdat die advokaat van die appellant van mening was dat op so 'n manier getuienis omtrent die appellant se intelligensie ingewin kon word. Die advokaat was nl. van mening dat die appellant 'n lae intelligensie gehad het. Omdat die aanklaer die aansoek nie teengestaan het nie, en die Hof van mening was dat dit vanregsbelang sou wees, is die aansoek toeegestaan en die saak uitgestel tot 'n later datum. By hervattung van die verhoor, het 'n psigiater van Fort Napier Hospitaal namens die appellant getuienis afgelê. Hy het gemeld dat die appellant in die betrokke inrigting aangehou is van 9 Augustus tot 23 September, 1971. Hierdie getuie het verklaar dat die appellant se intelligensie normaal was, maar hy het ook verklaar dat die appellant waarskynlik aan epilepsie ly. Die getuie het verklaar dat appellant aan hom meegedeel het dat hy ongeveer

18 maande van te vore n kopbesering opgedoen het en dat hy onmiddellik daarna aan die linkerkant verlam was. Hy het ook aan die getuie vertel dat hy twee keer in die periode toevalle gehad het en volgens die simptome wat appellant aan die getuie beskryf het, kon die toevalle epileptiese toevalle gewees het. Die getuie het verder verklaar dat die beskrywing van wat die appellant aan hom gegee het, waar kon wees omdat daar n duidelike litteken van n kopwond was en n beendefek onder x-straal in die skedel gesien kon word, omdat appellant nog n swakheid van die linkerhand gehad het en omdat elektro-ensefalogramopnames van die appellant konstant abnormaal was en dat die abnormale patroon vergroot is nadat appellant alkohol toegedien is. Die getuie het verder die Hof meegedeel dat hy n afskrif van die voorlopige verhoor gekry het en die advokaat van appellant het die Hof meegedeel dat hy aan die getuie n omvattende beskrywing gegee het van die feite waarop die appellant skuldig bevind is.

-----

Ek die verdere getuienis van die getuie behandel, moet op hierdie stadium gemeld word dat die appellant nie in die getuiebank verskyn het om getuienis oor sy toestand af te lê nie. Ook is

appellant/....

appellant se vrou nie as getuie geroep nie, (of enige iemand anders), wat getuienis kon aflê omtrent die toestand van die appellant. Hierdie omissie is veral van belang in verband met die getuienis van die psigiater oor die sgn. epileptiese ekwivalent waaraan die appellant volgens die psigiater onderhewig sou kon gewees het. Terwyl hy in die inrigting was, het appellant geen epileptiese toeval gekry nie en hoewel die psigiater van mening was dat appellant aan epilepsie ly, het hy verklaar dat appellant nie sertifiseerbaar was nie en andersins normaal is. Hy het egter wel die moontlikheid van 'n epileptiese ekwivalent na vore gebring en o.a. gesê:

"While we have not observed any epileptic seizures, I have no reason to doubt the fact that he is subject to post-traumatic epilepsy, and this does raise the possibility of the fact that this patient is quite capable of committing acts of which he is not aware. He may have episodes of confusion following an epileptic seizure, or he may have what is termed an epileptic equivalent and have a seizure but could start committing apparently purposeful acts as a result of this disorder of the brain, and he may have no recollection whatsoever of what he has done at a later date."

Hierdie moet gelees word met wat die getuie verder gesê het:

The/.....

"The usual epileptic attack implies, as he says here, the feeling of discomfort, he becomes confused and then he loses consciousness, but there are attacks of the epilepsy where this is not necessarily so, and he would then perhaps suddenly start to carry out apparently purposeful actions of which he may have no recollection of afterwards."

Aan die getuie is ook gestel n mening van die British Royal Commission in sy verslag oor die doodstraf wat aangehaal is in die Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Toerekeningsvatbaarheid van Geestelik Versteurde Persone en Aanverwante Aangeleenthede en waarmee die getuie hom vereenselwig het, nl.:

"Although many epileptics may lead normal lives, yet any person who suffers from epilepsy must be assumed to have an abnormality in the function of the brain. There will, therefore, be this reason for doubting whether a crime committed by an epileptic was committed in a normal and not in a pathologically altered state of mind; and there will be a presumption that, even though the criminal act may not have been attributable to the epilepsy itself, the underlying abnormality of the brain may have provided a link in the chain of causation leading to it. Every case will have to be considered on its merits at the trial."

Die getuie het dus die mening uitgespreek dat daar n moontlikheid is dat die appellant aan n epileptiese ekwivalent/....

ekwivalent kon gely het en dat daar n vermoede bestaan dat, hoewel die moord nie aan epilepsie self toegeskryf kon word nie, die onderliggende abnormaliteit van die brein n skakel kon wees in die oorsaaklikeidsketting wat die moord tot gevolg gehad het. Hoewel die British Royal Commission dit duidelik stel dat elke saak beoordeel moet word volgens die getuenis in daardie saak afgel&gt;, is in die onderhawige saak geen poging aangewend nie om vas te stel watter rol die onderliggende abnormaliteit van die brein by die pleeg van die moord gespeel het behalwe deur enkele wenkvrae gestel aan die psigiater waarna ek later sal verwys. Toe die psigiater verklaar het dat daar op grond van die elektro-ensefalogrambevindings n konstante abnormale patroon vertoon is, is hy nie gevra om te verduidelik wat dit beteken nie of watter rol hierdie abnormale patroon kan speel by n gewone handeling of by n strafbare handeling. Die hele begrip het in die lug bly hang. Toe die psigiater verwys het na die moontlikheid van n epileptiese ekwivalent by n persoon wat aan epilepsie ly, het hy uitdruklik

verklaar/.....

verklaar: "Between episodes he may behave completely normally; he may appear and is, in actual fact, to all intents and purpose a completely normal person". n Belangrike versuim wat by die aanhoor van die psigiater plaasgevind het, is dié om aan die psigiater te stel of n epileptiese ekwivalent in die geval van die appellant ooit kon geduur het vanaf die Saterdag toe die roof beplan is, oor die Sondag en oor die Maandag, toe die moord in die aand gepleeg is, en die Dinsdag toe die haelgeweer by Gumede gelaat is. Daar was dus geen poging nie om die bewese feite aan te knoop by die opinie van die psigiater omtrent die toestand van n persoon wat aan n epileptiese ekwivalent ly. Al wat in hierdie verband aan die psigiater gestel is, is die volgende:

"Can you say anything about the probable duration of a state of epileptic equivalent? --- These can be extremely variable from a matter of something under half an hour, going on to a considerable period of time - several hours, possibly longer - very variable.

Would an epileptic necessarily be aware of a blank period during which he is subject to a state of epileptic equivalent? --- Very frequently people following an epileptic equivalent do have an amnesia for that particular period. It is very frequent. Or they may

only have a partial recall - a confused distorted recall. They don't - it is not in clear consciousness."

"n Ander belangrike versuim in die onderhawige saak was om aan die psigiater te stel, aan die hand van die bewese feite, hoe daar n skakel kon wees tussen die abnormaliteitspatroon van die appellant se brein en die pleeg van die misdaad en waaruit die skakel bestaan. Wat wel aan die psigiatriciese getuie gestel is, is sekere wenkvrae, die geldigheid waarvan en die antwoorde waarop eenvoudig nie deur n hof aanvaar kan word nie. So is aan die psigiater gestel dat die appellant ná die moord die haelgeweer by Gumede gelaat het en daar is gesuggereer dat dit n snaakse handeling is omdat appellant Gumede nie goed geken het nie. In sake wat voor die howe kom, is dit n alledaagse verskynsel dat Bantoes wat wapens of ander goed steel, oppervlakkige kennisse of vriende vra om dit vir hulle te hou. Nieteenstaande hierdie bekende gebruik, was dit die mening van die psigiater dat die handeling van die appellant irrasioneel was en tipies van n epileptikus. Die psigiater se mening is ook gevra oor die feit dat appellant

gesê/.....

gesê het: „Pas”! toe hy die corledene se deur oopgedruk het.

Dis ook nie 'n snaakse omstandigheid nie. Trouens, in 'n saak wat 'n tyd gelede voor hierdie Hof gedien het, het dit geblyk dat 'n paar Bantoes in Natal besluit het om 'n ander in sy hut aan te val. Hulle het die aand gewapen na sy hut gegaan en een het buite die deur gestaan en, volgens die Engelse vertaling, gesê: „It is us. We are the Government”. Toe hulle die deur oopgedruk het, het hulle die slagoffer aangeval en gedood en die hut aan die brand gesteek.

In die onderhawige saak het die psigiater geantwoord: „Well, it seems an extraordinary sort of thing to do, if one was going along with intent to rob”. Ek is bevrees dat hierdie opinie van die psigiater, in die lig van die probleem waaroor hy deskundige getuienis moes aflê, 'n gebrek toon aan kennis van lewensfeite. Ook is daar die volgende vraag en antwoord:

„Then there is also evidence that during the course of the robbery, the accused removed a leather attaché-case from the deceased's hut, took it outside and simply left it near a cattle kraal somewhere. The question as to whether or not this is a strange or unusual occurrence would be a matter really for argument, but can you comment on that in the light of your findings? --- Well, in view of the previous question, it raises doubts whether this is

a sensible sort of actions. One cannot say for sure, but these are the type of actions that could conceivably be the result of - post-epileptic confusion - epileptic confusion /or an epileptic equivalent, or a confused state."

Dat gesteelde goed wat die dief nie wil hê nie, langs die pad weggegooi word, is n alledaagse verskynsel en die antwoord van die psigiater is m.i. ook in hierdie opsig n aanduiding van die uiterste versigtigheid waarmee psigiatrisee getuienis in sekere gevalle beoordeel moet word.

Uit die verdere getuienis van die psigiater, wat van algemene aard was, en hoofsaaklik oor die simptome van epilepsie gegaan het, is niks af te lei met betrekking tot die konkrete feite van die onderhawige geval nie. Die Verhoorregter het in sy uitspraak die standpunt van die twee assessore wat geen versagtende omstandighede bevind het nie, soos volg uiteengesit:

"In the first place, the crime is one which was planned in advance and not one which in any sense was committed on the spur of the moment. The events leading up to the actual commission of the offence took place over a comparatively extended period in which, on the State evidence and the evidence upon which the accused was found guilty, the accused played a major if

not/....

not the chief part. The view of the majority of the Court is that the evidence which was accepted by the Court is wholly inconsistent with the accused having at any relevant time been influenced by, or affected by, any mental defect or weakness, assuming him ever to have been subject to any mental defect or weakness. It is the view of the majority of the Court that, even assuming to be established as more probable than not that the accused had ever suffered from epileptic attacks, nevertheless the evidence clearly indicates that this was not in any way related to, or connected with, the events which constitute the commission of the offence."

Die Verhoorregter se eie opvatting was dat daar wel versagtende omstandighede was met die oog op die feit dat dit nie bewys is dat die hou oor die kop van die oorledene deur die appellant die dood van die oorledene veroorsaak het nie, dat die appellant aan epilepsie ly, dat hy in die tyd toe die misdaad gepleeg is, die gewoonte gehad het om te drink, dat hy waarskynlik aan epileptiese aanvalle onderhewig was en dat met die oog op wat in die verslag van die British Royal Commission se verslag verskyn, hy miskien nie onthou het nie wat op die dag van die roof gebeur het. Sy slotsom lees soos volg:


"In/....."

"In all the circumstances I am of the view that, on a balance of probabilities, there was, firstly, established an underlying abnormality of the brain of the accused and, secondly, that this might well provide a link in the chain of causation leading to the criminal act itself, notwithstanding that I am of the view on the evidence that the State proved beyond reasonable doubt that the criminal act was not attributable to the epilepsy itself. This latter view is clearly ex post facto in character, as the question of epilepsy was not raised at all at the stage when the initial verdict of the Court was being considered."

Dit is tans nie die taak van hierdie Hof om te oordeel of die Verhoorregter geregtig was om te bevind dat daar versagtende omstandighede was nie, maar om te bevind of die assessore verkeerdelik bevind het dat daar geen versagtende omstandighede was nie. Die advokaat van die appellant in hierdie Hof (wat nie in die verhoor vir appellant opgetree het nie) het aangevoer dat die assessore gefouteer het en hy het hom beroep op dieselfde gronde as waarop die Verhoorregter sy bevinding gebaseer het. Hoewel daar prima facie bewys is dat volgens elektro-ensefalogramtoetse 'n abnormale patroon by die appellant aangetoon word, wat waarskynlik veroorsaak word deur die opgedane kopbesering en dat die appellant aan die

psigiater vertel het dat hy twee toevalle gehad het wat ooreenstem met epileptiese toevalle, is daar geen getuienis van enige aard waaruit sou blyk dat die beplanning en uitvoering van die roof enigsins in verband staan met die epileptiese toestand van die appellant soos deur die psigiater beskrywe nie – selfs nie in n verband waaruit verminderde aanspreeklikheid of mindere verwytbaarheid afgelei kan word nie. Na my mening kan hierdie Hof dus nie bevind dat die assessor gefouteer het nie. Met die oog op die manier waarop die getuienis omtrent die epilepsie van die appellant aan die Verhoorhof voorgelê is, en die kritiek hierbo uitgespreek, word aan die hand gedoen dat die adviseurs van die Uitvoerende Gesag die moontlikheid oorweeg van n verdere en meer uitgebreide ondersoek in verband met die epilepsie van die appellant en tot watter mate sy persoonlikheid daardeur geaffekteer kan wees.

Die appèl word van die hand gewys.

  
RUMPF, A.R.

WESSELS, A.R.      } Stem saam.  
POTGIETER, A.R.    }